

*Genesing van al die siekes uit Kapernaum.*

# 102

Nadat al die aanwesiges hulle aandete genuttig het, en Judas vas aan die slaap op 'n strooibed in die voorhuis lê, bring dieselfde Judeërs uit Kapernaum wat die vorige dag die priesters, skrifgeleerdes en fariseërs op die proef gestel het, 'n aantal besetenes en ander siekes wat las het van allerlei kwale en versoek met groot erns van my om hulle almal te genees.

[2] Ek vra hulle egter met liefdevolle erns of hulle wel glo dat die Timmermanseun uit Násaret so iets sou kon doen; Want, hierdie mense ken My, by wyse van spreke, feitlik al van My geboorte af.

[3] Daarop antwoord **hulle** egter: "Dat U 'n seun van die timmerman is, is nie vir ons van belang nie! As die timmermanseun deur Elohim uitverkies word om 'n profeet van die Volk van Israel te word, dan is Hy 'n Profeet, ook al sou hy 'n duisendmaal 'n timmermanseun wees; want elke mens is dit wat hy vanuit Elohim is, en nooit wat sy ouers was nie! En daarom glo almal van ons vas en sekerlik dat U in die eerste plek 'n ware, deur Elohim gewyde Profeet is, en in die tweede plek dat U ons almal daarom kan help netsoos wat U die seun van die burgemeester en die kneg van die hoofman gehelp het!"

[4] En **Ek** antwoord hulle: "Nou dan, omdat julle sodanig in My glo, en so 'n mening oor My nahou, daarom sal met julle alles gebeur wat julle glo!"

[5] Op hierdie woord verlaat al die demone die besetenes, en diegene wat allerlei siektes en kwale gehad het, word op daardie selfde oomblik gesond.

[6] Die verbasing en dankbaarheid van die mense benodig kwalik verdere beskrywing.

[7] Daar word daarna ook heel toepaslike, maar tewens bytend skerpe aanmerkings oor die hele Judese priesterdom gemaak, maar **Ek** berispe die sprekers daaroor en wys hulle daarop dat dit baie onverstandig was om slapende addergebroedsel wakker te maak. "Solank hulle in hulle diepe winterslaap is, is hulle vir niemand skadelik en gevaarlik nie; word hulle egter ru wakker gemaak, is hulle daarna gevaarliker as andersins wanneer hulle nie slaap nie."

[8] Die geslepe en kwaadwillige tempeldienaars was aan die slaap nes addergebroedsel in die winter, maar met julle gewaagde versoek het julle hulle kragdadig uit hulle slaap gewek. Let daarom nou goed op dat hulle nie vir julle 'n gevaar word nie. Hierdie owerspelige klomp skep 'n wellustige behae daarin om andere skade te berokken.

[9] Almal sien die waarheid van My woorde in en is spyt oor die kwaad wat hulle in hulle onbesonnenheid aangerig het. Ek troos hulle egter en druk hulle dit op die hart om nie in Kapernaum te vertel van die tekens wat hier verrig is nie, behalwe aan enkele waarheidsliewende

vriende wat dan ook sal weet om te swyg. Hulle beloop My dit.

[10] Een van hulle was, hoewel hy nie tot die priesterstand behoort het nie, baie goed in die Skrif onderlê.

[11] **Hy** gaan voor die groep staan en sê baie ernstig: "Luister, liewe vriende en broers! Vir my steek daar veel meer in die dinge wat hier plaasgevind het as julle enkele gevolgtrekking: Kyk, hierdie man is 'n ware profeet. Ek glo dat wat hier plaasgevind het, die vervulling is van wat die profeet JeshajaH voorspel het toe hy gesê het: '**Hy het ons swakhede op Hom geneem en ons siektes het Hy gedra.**' Dring dit nie tot julle deur nie? Begryp julle waarlik nie waaroor dit gaan nie?"

[12] Die Volk kyk hom egter met groot oë aan, want hulle verstaan nie wat hy sê nie. Hy herhaal sy vraag nog een maal en omdat die Volk nog steeds die aangehaalde stuk uit JeshajaH nie begryp nie, sê **hy**: "Dis moeilik om vir die blindes oor die kleure van die reënboog te preek."

[13] **Ek** sê aan hom: "Wees kalm, dit is beter dat die Volk dit voorlopig nog nie verstaan nie. As die Volk dit nou sou begryp, dan sou hulle na die priesters hardloop en daar op 'n gewelddadige manier met hulle redetwis, en dit sou, vanuit die oogpunt van My lering, nie vir julle of vir My goed wees nie. Maar wanneer die regte oomblik aanbreek, sal ook hulle dit begryp en dan sal hulle dit wat die profeet gesê het asof met die hande aangryp."

[14] Die spreker neem genoeë met die antwoord en die Volk, waarvan Ek op hierdie aand die besetenes en die siekes genees het, gaan saam met die volkome geneesdes weer huis toe.

[15] Tuis in Kapernaum het dit tóg groot opspraak onder vriende en bekendes verwek, en die volgende oggend was dit nog skaars lig voordat 'n ontelbare volksmenigte rondom Petrus se huis versamel het wat My, die Een wat die vorige aand so 'n onbegryplike groot wonderwerk gedoen het, wou sien. Omdat daar aanhoudend steeds meer mense rondom die huis saamdrom, vra Petrus wat hom te doen staan.

[16] **Ek** sê: "Maak die groot skuit gereed sodat ons heeltemaal na die oorkant van die meer kan vaar, anders beleef ons vandag 'n (nare)skouspel hier. Die Volk het weliswaar die beste bedoelings, **maar die priesters sal ook agter die Volk aangesluit kom, en met hulle wil ons voorlopig niks te doen hê nie.**"

[17] Petrus kry dadelik die grootste skuit gereed; ons gaan gou aan boord en roei vinnig voor die wind uit oor die meer.

[18] Nog voordat Ek egter met my leerlinge in die skuit kon klim, kom 'n **skrifgeleerde** uit Kapernaum op My af en sê: "Meester, laat my toe om U op U tog te volg." **Ek deurskou hom egter onmiddellik** - dat sy heimlike rede absoluut nie lofwaardig was nie. Dit het vir hom nie gegaan om My leer of om te doen soos Ek nie, maar

eerder om die versorging van sy maag en, indien moontlik, ietsie te verdien uit heimlike spioenasie. Daarom skud **Ek** My kop en sê aan hom: **“Die jakkalse het gate en die voëls onder die hemele neste, maar die Seun van die Mens het niks nie, in hierdie wêreld besit Hy nie eens `n klip waarop Hy Sy kop kan neerlê nie.”**

[19] Die skrifgeleerde verstaan My, draai om en gaan huistoe. Want, Ek het hom daarmee te verstane gegee **dat hy ook `n slinkse jakkals is** en daarom ook `n “gat” (betaalde aanstelling) het, en dat voëls soos hy onder die hemele woon, met ander woorde, ver benede die suiwer goddelike Waarheid en Liefde; daar het hulle hulle neste, dit wil sê, hulle vreet- en rusplek waar hulle hulle prooi verteer. Daarenteen is daar by die Seun van die Mens niks te vinde van al die wêreldse bedrieërye nie, selfs nie eens `n sogenaamde politieke kunsgreep (klip) waarop `n mens so nou en dan die hoof van sy gemoed kan laat uitrus nie! Die skrifgeleerde verstaan presies wat Ek bedoel, en gaan soos reeds gesê, sonder om `n verdere woord te sê, vinnig na Kapernaum toe terug.

#### Op die meer. JaHshua en die storm.

## 103

Eweeneens, voordat ons nog in die skuit geklim het, kom een van My leerlinge na My en vra of dit My goedkeuring wegdra dat hy eers sy vader, wat plotseling die vorige aand oorlede is, gaan begrawe. **Ek** sê egter aan hom: **“Bly jy maar by My en laat die dooies hulle dooies begrawe.”** Die leerling sien dadelik van sy versoek af en volg My in die skuit in - hy het ingesien dat dit beter is om eerder vir die lewendes as vir die dooies te sorg (`n ydele sorg, waarvan dit beter is dat die dooies hulle daarmee besig hou, want - almal wat die begrafnis-vertoon belangrik ag, **is min of meer dood vir solank hulle eer aan die dode bewys** en self eerbeton aan dooies belangrik vind)

[2] Die ware dood van die mens is selfsug, waarvan die gees hoogmoed is, wat bo alles hunker na eer; in hierdie lig gesien, is die eervolle begrafnis van `n dooie niks anders nie as `n laaste vorm van hoogmoed van `n geestelik lank-reeds-dooie mens.

[3] Nadat die leerling in sy hart die volle waarheid van dit wat Ek aan hom gesê het, besef, volg hy My, soos reeds gesê, sonder enige bedenkinge in die skuit in en ons vertrek vinnig met die gunstige wind en ontkom só aan die steeds sterker aandringing van die volk.

[4] Sommiges klim wel in kleiner bootjies en agtervolg ons vir `n entjie. Maar toe die wind steeds sterker begin waai, draai hulle gou-gou om en bereik met moeite die veilige oewer voor die uitbreek van die storm.

[5] Ons het ons reeds in die middel van die meer bevind toe die aanvanklik gunstige wind in `n geweldige storm ontaard. Tydens ons aan boord gaan, was Ek al liggaamlik vermoei omdat **Ek** die hele nag wakker was en sê daarom aan Petrus toe ons almal op die skuit is: “Maak vir My `n slaapplek gereed; Ek gaan gedurende die reis `n bietjie

rus want, soos jy weet, het Ek die hele nag niks geslaap nie.”

[6] Petrus bring dadelik vir My `n paar kussings, maak daarvan `n lekker rusplek, en gee My nog `n kussing om onder My kop te sit, waarna Ek weldra liggaamlik diep insluimer, hoewel Ek geweet het dat die wind gou-gou in `n heftige storm sou ontaard, en dat die hoë golwe die skuit sou bedreig.

[7] Toe ons ongeveer twee uur van die kus af is, bereik die storm sy hoogtepunt, en die golwe begin oor die dek van die skip te slaan. Toe word selfs My mees toegewyde leerlinge bang. Hulle sien dat die skip begin water skep van die steeds meer oorlanende golwe, veral in die middel, wat volgens die toenmalige boustyl die laagste deel van die skip was. Derhalwe, toe die storm nie afneem nie, maar die golwe daarenteen steeds hoër opwel, kom die leerlinge na My toe, **dit wil sê na die hoogste deel van die skip** waar **Petrus** vir My `n lêplekkie gemaak het, en waartoe die golwe nog nie deurgedring het nie, begin aan My skud om My wakker te maak en roep angsbevange uit: “Meester, help ons, anders gaan almal van ons te gronde!”

[8] Daarop staan **Ek** van My slaapplek af op en sê aan hulle: “O, julle kleingelowiges! **Hoe kon julle so bang word terwyl Ek by julle is?** Wie is die belangrikste - die storm, of Hy wat ook Meester van al die storms is?”

[9] Maar omdat die leerlinge net soos al die baie ander op die skip, byna sprakeloos van angs is en selfs `n Petrus stamelend is, sê Ek vinnig `n bestraffende Woord aan die storm en die meer, waarop alles ineens stil word. Dit lyk asof die storm afgesny is, en die meer word skielik glad soos `n spieël - net waar die roeispane die water roer, sien mens `n klein beweginkie van die water. Daar is `n taamlieke groot aantal mense aan boord wat My nog nie goed ken nie, omdat hulle die oggend pas daar aangekom het, en eintlik meer om sakedoeleindes as om My ontwil saamgaan, en **hulle** klou in hulle ontsettende verbasing aan die leerlinge vas en vra aan hulle: “In die naam van Elohim - wat vir `n mens is dit dat die wind en die see aan Hom gehoorsaam is?”

[10] Ek gee egter `n wenk aan die leerlinge om My nie weg te gee nie. **Petrus** sê toe: “Moenie so baie vrae vra nie - help liever om die baie water uit die skip uit te skep, anders is ons verlore as hier nou `n na-storm kom, wat dikwels gebeur as dit so skielik ophou soos nou net.” Toe vra die vreemdeling niks meer nie maar gryp die wateremmers en skep vinnig die water uit die skip uit - hulle werk daaraan totdat ons die uitgestrekte oewer aan die oorkant bereik.